16 Oktober 2023

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 05 VAN 2023

Geagte Ouer/Voog

<u>Algemene Jaarvergadering van die ouers van Hoërskool Randburg</u>

Die vergadering vind AANLYN op 23 Oktober 2023 om 18:30 plaas. "Zoom" sal weer as platform gebruik word en die vergadering sal in die vorm van 'n webinaar aangebied word.

Ten einde 'n regmatige besluit te kan neem, word 'n kworum van stemgeregtigde ouers op die vergadering benodig. Ons versoek dus dringend u deelname ten einde die vergadering eenmalig te kan afhandel. Indien ons nie 'n kworum bereik nie, word die vergadering met twee weke uitgestel wanneer daar nie weer 'n kworum benodig word nie.

Om die "Zoom"-vergadering by te woon, moet ouers aanlyn registreer deur die volgende skakel te volg:
https://us02web.zoom.us/webinar/register/WN_mn0Foa52SSuRCxmxt4FdJw

Ons versoek dat registrasie op Vrydag, 20 Oktober 2023 om 12:00 voltooi sal wees sodat ons inskrywings as synde regmatig stemgeregtigde ouers van ingeskrewe leerders kan kontroleer.

In 'n huis met twee stemgeregtigde ouers (bv. pa en ma) moet beide ouers afsonderlik op "Zoom" registreer en dan ook op afsonderlike toestelle die webinaar bywoon, ten einde twee afsonderlike stemme te registreer op ter sake resolusies, soos voorgehou gaan word.

Na registrasie en na kontrole deur die skool, sal ouers 'n e-pos met die webinaar se besonderhede ontvang. 'n Individuele skakel met die skool se naam word outomaties deur "Zoom" aan elke persoon wat geregistreer is, gestuur.

Indien 'n ouer/ voog nie binne 24 uur na registrasie enige korrespondensie (vanaf "Zoom") ontvang nie, moet u asseblief in die "Spam"/"Junk mail folder" kyk, óf 'n e-pos aan algemeen@hsrandburg.co.za (mev. Jackie Krüger) stuur. Ons sal dan die spesifieke besonderhede direk aan die persoon stuur.

Ouers/voogde ontvang ook ’n uur voor die vergadering ’n herinnering wat wéér al die besonderhede vervat en kan op die dag vanaf 18:15 aanteken.

Finansiële state van 2022/2023 is vanaf 16 tot 20 Oktober by die skool ter insae beskikbaar. Maak asb. ’n afspraak om die state te besigtig. (Skakel die skool se ontvangskantoor.) Die notule van die 2022-jaarvergadering is ook vooraf, ter insae, by die skool beskikbaar.

Die verslag van die hoof is in videoformaat by hierdie skakel beskikbaar: https://youtu.be/jPhNUMAM0Yg. Ons versoek dat u die video sal kyk, aangesien dit konteks sal verleen tot die begroting wat op 23 Oktober deur die tesourier van die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg aan u voorgehou sal word.

Tydens die webinaar sal vrae beantwoord word en sal resolusies vir stemming ter tafel gelê word.

Ons hoop opreg dat u, u weg sal oopsien om ons in die proses by te staan sodat ons met die eerste kontaksessie wél ’n verteenwoordigende kworum van ons ouers as bywoners van ons webinaar aangeteken het.

Vriendelike groete,



P BOOYSEN: HOOF